TRAVEL TIME TOURS (Edms) Bpk

9 DAG TOER NA ISRAEL

Toer 2/2020 (*5 September– 13 September 2020)*

Saam met Jacques & Glynis van Lill

Prys per persoon wie deel gebaseer 20 pax & onderworpe aan verhogings in wisselkoerse, vlug pryse en lughawe belasting ten tye van opstelling van die program.
R26 490 vir 3* Jerusalem verblyf of
R27 490 vir 4* Jerusalem verblyf

Vertrek: Vanuit Kaapstad, Suid Afrika. Vertrek van ander bestemmings kan ook gereël word onderworpe aan terme en voorwaardes.
Pryse vir kinders beskikbaar op aanvraag.
Die volgorde van die toer program mag dalk verander maar alle plekke soos aangedui op die reisplan sal besoek word.

Ingesluit in die toer prys:

- Goeie hotel akkommodasie (ontbyt en aandete ingesluit)
- Alle besienswaardighede soos op die toerprogram insluitend toegangsgelde
- Luukse lugversorgde busvervoer & geregistreerde busbestuurder
- Geregistreerde toeragent
- Ekonomiese klas retoer lugvaartuig vervoer, insluitend lughawe belasting en brandstof berekening
- Vervoer tussen hotel en lughawe in Israel
- Studiegids om te help voorberei vir die toer

Uitgesluit uit die toer prys:

- Voorgestelde fooitjie van US$45 per persoon
- Reis versekering

TRAVEL TIME TOURS (Edms) Bpk
Reg.no: 2015 / 208510 / 07
Jacques & Glynis van Lill
Faks: 021 979-0915 /Tel 084 676 7257
E-pos: traveltimetours@outlook.com
Webwerf: www.traveltimetours.co.za

Dag	Reisplan	Akkommodasie
1	Ontmoet by Kaapstad Internasionale lughawe vir vlug na Tel Aviv, Israel. Aandete word geniet op die vlug.	**Op vlug**
2	Na ontbyt op die vlug arriveer ons in Tel Aviv en vertrek Jerusalem toe. Besoek aan die **Bad van Siloam** (Johannes 9), "**Mary's Spring"**, geboorte plek van Johannes die Doper **en YadVashem** (**Holocaust Museum),** 'n argief, navorsings instituut, museum en monument om nagedagtenis van meer as ses miljoen wie in die Nazi slagting gesterf het.	**Jerusalem**
3	Ons reis na **Jerigo** waar Josua en sy mense die Heilige Land ingekom het. Hier besoek ons **Elisa se fontein** en die **Berg van Versoeking**. Op pad na **Masada** sien ons **Qumran** waar die Dooie See Rolle deur 'n herder in 1947 gevind is. "n Kabelkar word gebruik om tot bo op **Masada** te kom by die outydse fort van Koning Herodus. Daarna reis ons na die laagste plek op aarde – die Dooie See vir 'n geleentheid om op die sout minerale waters te dryf.	**Jerusalem**
4	Besoek die **Olyfberg** en **Pater Nosterkerk** gebou oor 'n grot waar geglo word dat Jesus sy dissipels geleer het om te bid. Daarna besoek ons die **Dominus Flevit** (Traandruppel Kerk) waar volgens oorlewing Jesus hier oor Jerusalem geween het. Ons stap verder en kom by die **Tuin van Getsemane** uit asook die "**Church of all Nations"**. Op **Sionberg** besoek ons die **"St Peter in Gallicantu Kerk"** wat gebou is oor die plek waar die Hoofpriester Kajafas se huis was. Dit is hier waar Petrus vir Jesus verloën het en ons sien ook die put waar Jesus in bewaring gehou is voor sy kruisiging. Daarna besoek ons die **Bovertrek** waar Christus die Heilige Nagmaal ingestel het. **Koning Dawid se grafkelder** word ook gesien en daarna vertrek ons na **Betlehem** om die geboorteplek van Jesus te besoek asook die **Herdersvelde**.	**Jerusalem**
5	Vandag besoek ons die **Klaagmuur, Tempelterrein, Baddens van Bethesda** en die **Via Dolorosa**. Ons besoek ook die **Kardo** en aanskou 'n gedeelte van die oorspronklike **Stadsmuur** wat **Nehemia** gebou het. Daarna verken ons die **Joodse gedeelte** van die **Ou Stad** gevolg deur 'n besoek aan die **Klaagmuur Tonnels.**	**Jerusalem**
6	Ons vertrek uit Jerusalem en reis na **Caesarea** om 'n outydse **Waterleiding** sien. Ons reis verder na **Karmelberg** waar Elia die Baälprofete geslag het, en dan na die Berg van **Megido** van waar ons oor die vallei van Jisreël uitkyk (die ligging van die finale geveg van hierdie era waar God ingryp om die leer van Satan te vernietig en Satan in die bodemlose pit te gooi). Ons volgende stop is Nasaret waar ons die "**Nazareth Village"** besoek vir 'n ervaring van lewe in die 1ste eeu. Hierna is dit **Kana**, waar Jesus water in wyn verander het.	**Tiberias**
7	Ons vaar uit op die **See van Galilea** op 'n boot soortgelyk aan die in die tyd van Christus. Ons besoek plekke al langs die **See van Galilea** waar Jesus gereis, gepreek en baie wonderwerke verrig het. Dit sluit **Kapernaum**, **Tiberias**, **Tabgha,** die **Berg van Saligsprekinge** en die **Petruskerk** in. Die dag eindig met die "Yardnit Baptismal Site" op die Jordaan Rivier.	**Jerusalem**
8	Ons besoek **Golgota** waar Jesus gekruisig is en die **Tuingraf** waar ons in Nagmaal deel. Die res van die dag is vrye tyd en laat middag vertrek ons lughawe toe vir ons vlug terug Suid Afrika toe.	**Op vlug**
9	Terug in Suid Afrika.	

'n Bewys van deposito van R3 000 moet registrasievorms vergesel om u bespreking vir die toer te verseker. Indien die minimum vereiste van 20 persone vir 'n toer nie gehaal word nie, sal u deposito aan u terugbetaal word. Met 20 persone of meer, gaan die toer voort en op hierdie stadium word die deposito nie terugbetaalbaar nie. Hierdie deposito bedrag sal van u toer prys afgetrek word. Vir verdere inligting, registrasie vorms en bank besonderhede kontak Travel Time Tours. **Die sluitingsdatum vir registrasie en volle betaling is 4 maande voor die vertrek datum van die toer.**